Preekopsomming

REEKS: DIE PRIORITEITE VAN JOU LEWE
Tema #3: **JOU GEMEENTE**
Teksvers: Romeine 14:19 ***"Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder."***
Teks: Romeine 14:1-23

Datum: 16 November 2008 (Erfdeel Gemeente)
Prediker: Ds Peet Louw (084 522 0079 of 057 388 4533)

Paulus sê in ***Romeine 14***: *Jesus is ons* ***samebindende Faktor*** in die gemeente***!*** *Ons is almal in een gemeente oor JESUS!!* As dit nie vir JESUS was nie, sou ons nie hier gewees het nie. *Ons is hier saam oor Jesus - omdat ons almal in Hom glo en nader aan Hom wil beweeg en leef.*

Maar nou is ons 'n klomp verskillende mense. Ons het uiteenlopende persoonlikhede, beroepe, belangstellings en behoeftes en waar daar soveel verskille is, kan daar baie maklik ***KONFLIK*** tussen mense uitbreek. Dis tog hoekom mense baklei - omdat ons verskillend dink oor dinge, dinge op verskillende maniere doen, verskillende behoeftes het. En elke ou dink sy eie manier is die beste, sy eie behoeftes is die belangrikste!! En dan stamp ons koppe met mekaar.

Aan die ander kant wil die Here hê ons almal in die gemeente, alle Christene moet goed met mekaar oor die weg kom. Dis die ***vierde belangrikste Prioriteit*** in jou lewe. Daar moet vrede tussen ons wees, want dit wys vir die wêreld en die ouens daarbuite dat ons anders is en dat JESUS 'n invloed op ons lewens het. Lees wat sê Paulus in ***Rom 14:19***. In die oorspronklike taal staan daar eintlik: ***Kom ons volg die dinge, kom ons doen die dinge wat vrede bring.*** Die OU VERTALING (1933) sê, ***"Laat ons ... najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien."***

Dit is God se wil dat ons in die gemeente, mede-Christene in VREDE met mekaar sal lewe. Daar is mense wat sê, *'n mens kan tog nie vrede tot elke prys najaag nie! Iewers moet jy 'n streep trek!! Maar ek lees dit nêrens in die Bybel nie: Ek lees wel dat jy onderlinge vrede tot elke prys moet najaag!!!* Dis die wil van die Here vir ons onderlinge verhoudings!! Dat jy niks moet doen wat die onderlinge vrede versteur nie - dit is die belangrikste!!

Hoe doen 'n mens dit? ***Paulus*** se raad is eintlik geweldig eenvoudig!! Hy sê ***FOKUS op Jesus!!*** Wanneer jy ookal met 'n mede-Christen te doen kry, onder watter omstandighede ookal, ***Fokus op Jesus - FOKUS op die SAMEBINDENDE FAKTOR!*** Fokus op die **ooreenkoms** en nie op die verskille nie! Lees wat sê hy in ***Rom 14:17***. Paulus verduidelik hier in ***Romeine 14*** eintlik in *detail* hoe jy jou verhouding, jou ***vierde belangrikste verhouding*** in die lewe moet inrig en hanteer.

Al glo ons in Jesus Christus, bly ons verskillende mense met verskillende persoonlikhede, verskillende idees, verskillende behoeftes en voor- en afkeure. Dit verander nie bloot omdat ons in Jesus glo nie. Daar is Christene wat bv. glo jy kan alle tipes kos eet. Maar daar is ook Christene wat glo jy mag nie vark eet of kos wat 'n *halaal* merk op het nie. Daar is ook Christene wat glo jy *moet die Sabbatdag heilig hou* en letterlik niks doen nie, maar daar is ook *Christene* wat glo die Sondag is 'n dag soos alle ander. En hy sê nie die een is reg of verkeerd nie - hy sê dis nie belangrik nie. Ons moenie daarop fokus nie!! Ons moet fokus op dit wat ons saambind, op die ooreenkomste!!

M.a.w. elke keer as ek en jy met 'n Christen-broer of -suster te doen kry, het ons 'n keuse: Ons kan 'n ding maak van die verskille tussen ons!! Ons kan kies om te fokus op die verskille! Of ons kan liewer verkies om te fokus op dit wat ons in gemeen het - en dit is ons geloof in Jesus Christus!! Ons kan kies dat die verskille tussen ons nie in die pad van ons verhouding met mekaar kom staan nie, ons kan kies dat die dinge wat ons verskillend doen en waaroor ons verskillend voel nie 'n objek van skinder tussen ons word nie, ons kan kies dat ons verskille nie

iets word wat veroorsaak dat ons minder van mekaar hou nie. Ons kan kies om te fokus op die kruis!! Ons kan kies om die ooreenkomste te vier! Ons kan kies om die Here te loof vir sy genade om broers en susters in die geloof te kan hê. Lees wat sê Paulus in ***Rom 14:18***.

Daarom sê die Here vir ons ***drie belangrike, praktiese dinge*** oor die ***vierde belangrikste prioriteit*** in ons lewens:

1. ***Ons moet simpatie hê met mede-Christene wat anders dink as ons.***
   Paulus pleit dat daar simpatie moet wees tussen die enger Christene en dié wat meer liberaal dink. Hy sê al dink en doen ons Christene verskillend, is ons doel, ons mikpunt dieselfde - en dit is om Jesus Christus te eer, om Hom tevrede te stel. Al dink ons Christene verskillend oor die onderhouding van die Sondag, glo ons almal dat ons die Here dien met die manier waarop ons optree. Wanneer ons gaan sit om te eet, eet die een vleis en die ander een nie, maar altwee dank dieselfde God vir die kos op hulle borde. Dis beslis nie 'n oop agenda vir Christene om maar te doen wat hulle wil nie en te dink alles is reg nie.

2. ***Ons moet uit oortuiging optree.***
   Paulus dring daarop aan dat ons nie sommer maar sal doen wat ons wil en dink dis reg nie en dat as ons 'n sekere standpunt kies of volg, dat dit nie sommer iets sal wees wat ons uit die lug gegryp het nie. Hy sê ons Christene moenie dinge doen en glo, sommer net omdat ons so grootgeword het nie. Ons moet ons oortuigings by die Here gaan haal - kry dit in die Bybel. Moenie die oortuigings van jou ouers slaafs navolg nie, moenie die oortuigings van jou kerk slaafs navolg nie, moenie jou oortuigings kry uit sekere bygelowe nie - kry dit by die Here - kry dit in jou binnekamer by die Here. Grond jou oortuigings op dit wat in die Bybel staan - leer die Bybel ken en vorm so jou oortuigings oor sake.

3. ***Ons moet ons oortuigings ondergeskik maak aan die Koninkryk van die Here.***
   As jy nie die Here in 'n intieme verhouding ken en dien nie, het jy net jouself om tevrede te stel. Dan glo jy wat jy glo is reg en dit het niks met ander mense of ander instansies te make nie. Paulus sê, as jy aan die Here behoort, behoort jy nie meer aan jouself nie - dan is jy ***uitverkoop!!*** In ***Romeine 14:7*** sê hy, *ons Christene, ons wat ons lewens aan Jesus oorgegee het,* ***"... ons het nie meer finale seggenskap oor* (onsself)** ***nie .... - as ons leef, leef ons ... vir die Here ... ons is volkome sy eiendom."*** As jy in die Here glo, gaan dit vir jou eerste oor die Here en sy saak. Wanneer jy sien dat iets wat jy doen, of dit nou reg is of verkeerd is, lekker of sleg is, die koninkryk van die Here skade aandoen, dan hou jy op daarmee!! As jy agterkom daar is iets wat jy nie doen nie wat die Koninkryk van God kan laat wen, dan begin jy dit doen. As jy agterkom dat jy 'n Moslem vir die Christelike geloof kan wen deur *"Halaal"*-kos te eet, dan skuif jy jou eie voorkeure en begeertes eenkant, en dan eet jy dit! As jy agterkom dat jou grappies of taalgebruik ander mense kan laat struikel, dan hou jy op daarmee. As jy aan die Here behoort en daar is 'n keuse op die spel tussen jou eie begeertes en behoeftes en drange en die belange van God se koninkryk, dan speel jy *tweede viool.*

Paulus sê in ***Romeine 14*** die FOKUS is op die Here - nie op myself nie. Ook in my omgang met mense, met mede-gelowiges, is my fokus nie op hulle nie, maar op die Here. Ek moet myself eerste afvra, *wat wil U hê, Here(?)* en dan pas ek my optrede teenoor mense daarby aan!! Paulus sê in ***Romeine 14:9, "Dit is ... waarvoor Christus gesterf het en weer lewendig geword het - om Heer te wees oor die dooies en die lewendes."*** Ook oor my, oor jou!

Jy kan kies dat Hy nie jou Here moet wees nie - dan kan jy lewe soos jy wil!! Maar moenie jouself 'n rat voor oë draai om te dink jy kan kies dat Hy jou Here moet wees, en dan nog gaan lewe soos jy wil nie. As jy gekies het om jou lewe aan die Here oor te gee, is jy uitverkoop, dan het jy nie meer *finale seggenskap oor jouself* nie.

Preekopsomming

REEKS: DIE PRIORITEITE VAN JOU LEWE
Tema #3: **JOU GEMEENTE**
Teksvers: Romeine 14:19 ***"Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder."***
Teks: Romeine 14:1-23

Datum: 16 November 2008 (Erfdeel Gemeente)
Prediker: Ds Peet Louw (084 522 0079 of 057 388 4533)

Paulus sê in ***Romeine 14***: *Jesus is ons* ***samebindende Faktor*** in die gemeente***!*** *Ons is almal in een gemeente oor JESUS!!* As dit nie vir JESUS was nie, sou ons nie hier gewees het nie. *Ons is hier saam oor Jesus - omdat ons almal in Hom glo en nader aan Hom wil beweeg en leef.*

Maar nou is ons 'n klomp verskillende mense. Ons het uiteenlopende persoonlikhede, beroepe, belangstellings en behoeftes en waar daar soveel verskille is, kan daar baie maklik ***KONFLIK*** tussen mense uitbreek. Dis tog hoekom mense baklei - omdat ons verskillend dink oor dinge, dinge op verskillende maniere doen, verskillende behoeftes het. En elke ou dink sy eie manier is die beste, sy eie behoeftes is die belangrikste!! En dan stamp ons koppe met mekaar.

Aan die ander kant wil die Here hê ons almal in die gemeente, alle Christene moet goed met mekaar oor die weg kom. Dis die ***vierde belangrikste Prioriteit*** in jou lewe. Daar moet vrede tussen ons wees, want dit wys vir die wêreld en die ouens daarbuite dat ons anders is en dat JESUS 'n invloed op ons lewens het. Lees wat sê Paulus in ***Rom 14:19***. In die oorspronklike taal staan daar eintlik: ***Kom ons volg die dinge, kom ons doen die dinge wat vrede bring.*** Die OU VERTALING (1933) sê, ***"Laat ons ... najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien."***

Dit is God se wil dat ons in die gemeente, mede-Christene in VREDE met mekaar sal lewe. Daar is mense wat sê, *'n mens kan tog nie vrede tot elke prys najaag nie! Iewers moet jy 'n streep trek!! Maar ek lees dit nêrens in die Bybel nie: Ek lees wel dat jy onderlinge vrede tot elke prys moet najaag!!!* Dis die wil van die Here vir ons onderlinge verhoudings!! Dat jy niks moet doen wat die onderlinge vrede versteur nie - dit is die belangrikste!!

Hoe doen 'n mens dit? ***Paulus*** se raad is eintlik geweldig eenvoudig!! Hy sê ***FOKUS op Jesus!!*** Wanneer jy ookal met 'n mede-Christen te doen kry, onder watter omstandighede ookal, ***Fokus op Jesus - FOKUS op die SAMEBINDENDE FAKTOR!*** Fokus op die **ooreenkoms** en nie op die verskille nie! Lees wat sê hy in ***Rom 14:17***. Paulus verduidelik hier in ***Romeine 14*** eintlik in *detail* hoe jy jou verhouding, jou ***vierde belangrikste verhouding*** in die lewe moet inrig en hanteer.

Al glo ons in Jesus Christus, bly ons verskillende mense met verskillende persoonlikhede, verskillende idees, verskillende behoeftes en voor- en afkeure. Dit verander nie bloot omdat ons in Jesus glo nie. Daar is Christene wat bv. glo jy kan alle tipes kos eet. Maar daar is ook Christene wat glo jy mag nie vark eet of kos wat 'n *halaal* merk op het nie. Daar is ook Christene wat glo jy *moet die Sabbatdag heilig hou* en letterlik niks doen nie, maar daar is ook *Christene* wat glo die Sondag is 'n dag soos alle ander. En hy sê nie die een is reg of verkeerd nie - hy sê dis nie belangrik nie. Ons moenie daarop fokus nie!! Ons moet fokus op dit wat ons saambind, op die ooreenkomste!!

M.a.w. elke keer as ek en jy met 'n Christen-broer of -suster te doen kry, het ons 'n keuse: Ons kan 'n ding maak van die verskille tussen ons!! Ons kan kies om te fokus op die verskille! Of ons kan liewer verkies om te fokus op dit wat ons in gemeen het - en dit is ons geloof in Jesus Christus!! Ons kan kies dat die verskille tussen ons nie in die pad van ons verhouding met mekaar kom staan nie, ons kan kies dat die dinge wat ons verskillend doen en waaroor ons verskillend voel nie 'n objek van skinder tussen ons word nie, ons kan kies dat ons verskille nie

iets word wat veroorsaak dat ons minder van mekaar hou nie. Ons kan kies om te fokus op die kruis!! Ons kan kies om die ooreenkomste te vier! Ons kan kies om die Here te loof vir sy genade om broers en susters in die geloof te kan hê. Lees wat sê Paulus in ***Rom 14:18***.

Daarom sê die Here vir ons ***drie belangrike, praktiese dinge*** oor die ***vierde belangrikste prioriteit*** in ons lewens:

1. ***Ons moet simpatie hê met mede-Christene wat anders dink as ons.***
   Paulus pleit dat daar simpatie moet wees tussen die enger Christene en dié wat meer liberaal dink. Hy sê al dink en doen ons Christene verskillend, is ons doel, ons mikpunt dieselfde - en dit is om Jesus Christus te eer, om Hom tevrede te stel. Al dink ons Christene verskillend oor die onderhouding van die Sondag, glo ons almal dat ons die Here dien met die manier waarop ons optree. Wanneer ons gaan sit om te eet, eet die een vleis en die ander een nie, maar altwee dank dieselfde God vir die kos op hulle borde. Dis beslis nie 'n oop agenda vir Christene om maar te doen wat hulle wil nie en te dink alles is reg nie.

2. ***Ons moet uit oortuiging optree.***
   Paulus dring daarop aan dat ons nie sommer maar sal doen wat ons wil en dink dis reg nie en dat as ons 'n sekere standpunt kies of volg, dat dit nie sommer iets sal wees wat ons uit die lug gegryp het nie. Hy sê ons Christene moenie dinge doen en glo, sommer net omdat ons so grootgeword het nie. Ons moet ons oortuigings by die Here gaan haal - kry dit in die Bybel. Moenie die oortuigings van jou ouers slaafs navolg nie, moenie die oortuigings van jou kerk slaafs navolg nie, moenie jou oortuigings kry uit sekere bygelowe nie - kry dit by die Here - kry dit in jou binnekamer by die Here. Grond jou oortuigings op dit wat in die Bybel staan - leer die Bybel ken en vorm so jou oortuigings oor sake.

3. ***Ons moet ons oortuigings ondergeskik maak aan die Koninkryk van die Here.***
   As jy nie die Here in 'n intieme verhouding ken en dien nie, het jy net jouself om tevrede te stel. Dan glo jy wat jy glo is reg en dit het niks met ander mense of ander instansies te make nie. Paulus sê, as jy aan die Here behoort, behoort jy nie meer aan jouself nie - dan is jy ***uitverkoop!!*** In ***Romeine 14:7*** sê hy, *ons Christene, ons wat ons lewens aan Jesus oorgegee het,* ***"... ons het nie meer finale seggenskap oor* (onsself)** ***nie .... - as ons leef, leef ons ... vir die Here ... ons is volkome sy eiendom."*** As jy in die Here glo, gaan dit vir jou eerste oor die Here en sy saak. Wanneer jy sien dat iets wat jy doen, of dit nou reg is of verkeerd is, lekker of sleg is, die koninkryk van die Here skade aandoen, dan hou jy op daarmee!! As jy agterkom daar is iets wat jy nie doen nie wat die Koninkryk van God kan laat wen, dan begin jy dit doen. As jy agterkom dat jy 'n Moslem vir die Christelike geloof kan wen deur *"Halaal"*-kos te eet, dan skuif jy jou eie voorkeure en begeertes eenkant, en dan eet jy dit! As jy agterkom dat jou grappies of taalgebruik ander mense kan laat struikel, dan hou jy op daarmee. As jy aan die Here behoort en daar is 'n keuse op die spel tussen jou eie begeertes en behoeftes en drange en die belange van God se koninkryk, dan speel jy *tweede viool.*

Paulus sê in ***Romeine 14*** die FOKUS is op die Here - nie op myself nie. Ook in my omgang met mense, met mede-gelowiges, is my fokus nie op hulle nie, maar op die Here. Ek moet myself eerste afvra, *wat wil U hê, Here(?)* en dan pas ek my optrede teenoor mense daarby aan!! Paulus sê in ***Romeine 14:9, "Dit is ... waarvoor Christus gesterf het en weer lewendig geword het - om Heer te wees oor die dooies en die lewendes."*** Ook oor my, oor jou!

Jy kan kies dat Hy nie jou Here moet wees nie - dan kan jy lewe soos jy wil!! Maar moenie jouself 'n rat voor oë draai om te dink jy kan kies dat Hy jou Here moet wees, en dan nog gaan lewe soos jy wil nie. As jy gekies het om jou lewe aan die Here oor te gee, is jy uitverkoop, dan het jy nie meer *finale seggenskap oor jouself* nie.